

SADiLaR

South African Centre for Digital Language Resources

NUUSBRIEF

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:
Science and Innovation
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEHUISVES DEUR:



NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

VENNOTE:



Touching lives through innovation



Inter-institutional Centre for Language
Development and Assessment



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT
iYUNIBESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

AFRIKAANS: Junie 2021



DIGITALE GEESTESWETENSKAPPE EN ONS WÊRELD

“Wat beteken digitale geesteswetenskappe (DG) vir jou? Op watter gebiede kan gemeenskappe baat daarby vind? Wat oor DG maak jou opgewonde en hoe sien jy die toekoms van DG in Afrika en/of wêreldwyd?” Ons het hierdie vrae aan die SADiLaR-span gestel. Hieronder volg ’n opsomming van wat hulle gesê het.

LEES OOR :

Digitale Geesteswetenskappe en ons wêreld	1
ESCALATOR	2
Die Nodus vir Kindertaalontwikkeling	4
Die 2021 Global WordNet-kongres	5
Die Tiende Wêreldkongres vir Afrikataalwetenskap	7

Vir die meerderheid van die SADiLaR-span beteken DG iets wat samewerkend van aard is. Dit is ’n gebied waarop ’n gees van besinning oor die geesteswetenskappe oor die algemeen moontlik is en aangemoedig word. Oor die algemeen het spanlede ook ooreengestem dat ’n beduidende deel van DG die verkenning van verskillende onderwerpe behels. ’n Mens kan sê dat daar regtig geen beperking is op wat in DG gedoen kan word nie; ’n mens misluk selde en leer altyd. Een antwoord het melding gemaak van die rol wat DG speel om navorsing meer toeganklik vir ’n breër gehoor as vantevore te maak. Die beginsels van samewerking, besinning en toeganklikheid is uiters belangrik en dit is bemoedigend dat SADiLaR hierdie beginsels hoog op prys stel in sy benadering tot DG.

In die volgende vraag is gevra oor die voordeel van DG vir gemeenskappe. ’n Algemene antwoord hierop was dat gemeenskappe op alle gebiede by DG kan baat. Die moontlikhede vir DG in die ontwikkeling van hulpbronne vir en deur gemarginaliseerde gemeenskappe kan nie oorbeklemtoon word nie. Een antwoord het die voordele van DG vir studente (op hoërskool

en by tersiêre instellings) en biblioteke uiteengesit. DG bevorder die preserving en digitalisering van inligting wat eindelik tot die skepping van hulpbronne waarby biblioteke en studente kan en sal baat, lei. Hierdie idee kom ooreen met die stelling wat vroeër gemaak is oor navorsing wat meer toeganklik tot ’n breër gehoor as vantevore gemaak word.

Die derde vraag het elke spanlid gevra wat oor DG hulle inspireer of opgewonde maak. Die antwoorde op hierdie vraag was meer individueel. Party spanlede het op die tydbesparende eienskap van DG-metodes gewys. Ander het melding gemaak van die interdisiplinêre aard daarvan en die vryheid wat ’n DG-benadering ’n mens bied om te eksperimenteer. Spanlede het hierdie vraag duidelik op verskillende maniere geïnterpreteer, want antwoorde het gewissel van praktiese voordele tot voordele vir die samelewing en persoonlike voordele. Die antwoorde bied insig tot die verskillende wyses waarop DG deur verskillende mense benader word, en dit is voorwaar bemoedigend om hierdie diversiteit te sien. Een van die antwoorde het in die lig van hierdie interessante en

KLIEK HIER OM
ONS TE KONTAK:





**Kontak ons gerus
indien u ook hierdie of
ander vrae oor DG wil
beantwoord.**

KLIEK HIER OM
ONS TE KONTAK:



interafhanklike antwoorde DG met 'n "groot tent" vergelyk.

Laastens is almal gevra om die toekoms van DG in Afrika en oor die hele wêreld te voorspel. 'n Gemeenskaplike tema in elke spanlid se antwoord was vooruitgang. Daarbenewens het antwoorde onderwerpe soos die verbetering van vaardighede, spesialisasie, die verkenning van nuwe moontlikhede en die demokratisering van die navorsingsgebied ingesluit.

Daar is ook spesifiek genoem dat Afrika op die voorgrond van DG geplaas moet word, eerder as om Afrika as 'n nagedagte in te sluit. Die duidelike en vooruitstrewende planne van kollegas by SADIaR oor die toekoms van DG is beslis 'n bron van inspirasie en bied baie stof tot nadenke.

ESCALATOR

ESCALATOR is 'n nasionale program wat beoog om 'n inklusiewe en aktiewe praktykgemeenskap in die digitale geesteswetenskappe (DG) en rekenaarsosialewetenskappe (RSW) in Suid-Afrika te kweek. Alhoewel die inisiatief deur die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADIaR) ontwikkel is, sal dit 'n platform vir interdisciplinêre inligtinguitruiling voorsien waar enigiemand wat belangstel kan bydra, deelneem en hulle werk ten toon kan stel.

Die program sal beide nuwelinge en gevestigde navorsers op die gebiede van DG en RSW verwelkom en sal hulle die geleentheid bied om kennis op te doen, met plaaslike en internasionale eweknieë te gesels en om vaardighede aan te leer en met ander te deel.

Een van die hoofpilare van ESCALATOR is die Digitalekampioeninisiatief wat mentorskapsgeleenthede aan navorsers en studente bied wat

digitalenavorsingsleiers in hulle gemeenskappe wil word. Die inisiatief span kenners en eweknieë in om mense met beperkte ervaring in DG en RSW aan hedendaagse navorsingsmetodes bloot te stel. Belangstellende kandidate sal genooi word om 'n klein projekvoorstel in te dien waaraan hulle onder die leiding van hulle mentor(s) sal werk. Gedurende hierdie tyd sal hulle digitale en rekenaarvaardighede in verband



ESCALATOR
webtuiste



ESCALATOR
programbestuurder



SADiLaR
projekteienaar



ESCALATOR
blog



DHCSSza
twitter

KLIK HIER OM
ONS TE KONTAK:



met hulle projek leer en sal hulle ook die geleentheid hê om hulle netwerk uit te bou. Die eerste inname van mentors en gementordes vir die Digitekampioeninisiatief sal in die middel van 2021 plaasvind en 'n tweede inname word vir 2022 beplan. ESCALATOR beoog om tot voordeel van voorgraadse studente, nagraadse studente, nadoktorale navorsers, vroeëloopbaanavorsers, gevestigde navorsers, dosente, bibliotekaris, onderrig- en leerpersoneel in openbare universiteite, navorsingsrade, en ander navorsingsorganisasies in Suid-Afrika, spesifiek die in Lettere en Sosiale Wetenskappe (LSW) te wees. Mense uit nie-LSW-dissiplines sal ook by verskeie aktiwiteite betrek word om interdisiplinêre oordrag van vaardighede, gesprekke en samewerking aan te moedig.

Wanneer navorsers weet hoe om tegnologie, data en navorsingsinfrastrukture te gebruik, stel dit hulle in staat om vrae op maniere te beantwoord wat nie normaalweg met meer tradisionele benaderings en metodologieë moontlik is nie. Dit bemagtig hulle ook om nuwe soorte vrae te beantwoord wat nie in die verlede aangepak kon word nie. ESCALATOR beloof om 'n positiewe uitwerking te hê nie net op diegene wat daarby betrokke is nie, maar ook op die breër samelewing. Navorsers in LSW sal

in staat wees om geskikte digitale en rekenaarmetodes toe te pas en om hulpbronne, data en nuwe en bestaande infrastrukture te gebruik, soos die wat SADiLaR aanbied, om in die Suid-Afrikaanse samelewing se behoeftes te voorsien. Mettertyd sal Suid-Afrikaanse LSW-navorsers as leiers op die gebied van DG en RSW in Afrika en wêreldwyd beskou word.

Om meer oor die program te leer, besoek ons webtuiste by <https://escalator.sadilar.org>. Navrae kan aan die programbestuurder gerig word by escalator@talarify.co.za, of aan die SADiLaR projekteienaar by menno.vanzaanen@nwu.ac.za. Daarbenewens het ons 'n nuwe Slack-werksruimte geskep waar Suid-Afrikaanse navorsers en studente wat belangstel in of betrokke is by projekte, opleiding, hulpbronne en geleenthede in DG en RSW eweknieë kan ontmoet om inligting uit te ruil, vrae te vra en hulle netwerke uit te bou. Lees meer oor hierdie virtuele werksruimte en hoe om by die DHCSSza Slack aan te sluit in ons nuutste blog-artikel – <https://escalator.sadilar.org/post/connect-with-the-community/>. Besoek ons ook op Twitter by [@DHCSSza](https://twitter.com/DHSCCza) (<https://twitter.com/DHSCCza>). Hier sal ons inligting oor projekte, gebeure, hulpbronne en geleenthede in DG en RSW deel en inligting uit ons gemeenskap hertweet.



ESCALATOR

Towards an inclusive & active community of practice
in Digital Humanities & Computational Social Science



DIE NODUS VIR KINDERTAALONTWIKKELING

Die Nodus vir Kindertaalontwikkeling word deur die Departement Algemene Taalwetenskap by die Universiteit van Stellenbosch namens die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR) gehuisves.

Die hoofsaak van hierdie nodus is om navorsing oor kindertaalontwikkeling in alle Suid-Afrikaanse tale en die digitalisering van data oor kindertaalontwikkeling te bevorder sodat dit vrylik op die SADiLaR-platform beskikbaar is vir gebruik deur alle wetenskaplikes wat werk oor taal, kognisie, kinderontwikkeling, taalleer en taalversteurings doen.

Die nodus se wetenskaplike en toegepaste doelwitte is die vooruitgang van kennis oor kinders se taalontwikkeling in die Afrikatale. Data oor Afrikatale kan help om geldige diagnostiese instrumente en intervensies wat die taal- en kognitiewe ontwikkeling van Suid-Afrikaanse kinders in die konteks van gesondheid en onderwys bevorder, te ontwikkel.

Die Nodus vir Kindertaalontwikkeling beskik oor 'n netwerk van wetenskaplikes wat werk oor taalontwikkeling in verskillende dissiplines en departemente by die volgende universiteite in Suid-Afrika doen: die Universiteit van Kaapstad, Sefako Makgatho Universiteit vir Gesondheidswetenskappe, die Universiteit van KwaZulu-Natal, Noordwes-Universiteit, die

Universiteit van die Vrystaat, Sol Plaatje Universiteit en die Universiteit van Mpumalanga.

Ons spogprojek behels interuniversitêre samewerking wat op die ontwikkeling van Kommunikatiewe Ontwikkelingsinventarisse (KOIs) vir alle Suid-Afrikaanse tale fokus. KOIs is instrumente vir ouerverslaggewing wat ouers/versorgers vra om verslag te doen oor 'n kind se gebruik van gebare, woorde en sinne. Hierdie instrumente kan taalontwikkeling vanaf die ouderdom van 8 tot 30 maande meet en is 'n goeie algemene aanwyser van kommunikatiewe ontwikkeling. Daar bestaan KOIs vir meer as 'n honderd tale wêreldwyd. Hierdie instrumente is in die verlede gebruik om die fases in taalontwikkeling te identifiseer en om norme vir vroeë taalverwerwing te verkry. Hierdie norme het as die grondslag vir die ontwikkeling van taalkundige en kognitiewe assesserings en diagnostiese instrumente in verskeie lande gedien. SADiLaR sal in die nabye toekoms KOIs vir al die Suid-Afrikaanse tale beskikbaar stel, sowel as die normatiewe data wat met behulp van hierdie KOIs geskep word

KLIEK HIER OM
ONS TE KONTAK:





Die Nodus vir Kindertaalontwikkeling se digitalisering van ontwikkelingsdata sal allerlei toepassings hê. Wetenskaplikes kan die data gebruik om nuwe instrumente vir assessering en intervensie, asook taalkundige, kulturele en ouderdomsgepaste materiaal vir verskillende

leeromgewings te ontwikkel. Die digitalisering van plaaslike taalkundige en taalsosialiseringsdata kan help om Afrikataalgesentreerde kurrikula vir gesondheidswerkers en opvoedkundiges te skep wat hulle vaardighede sal verskerp sodat dit relevant tot plaaslike behoeftes is.



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

KONTAK ONS:



Heather
Brookes



Frenette
Southwood

KLIK HIER OM
ONS TE KONTAK:



DIE 2021 GLOBAL WORDNET-KONGRES

Die elfde Global WordNet-kongres (GWC) het van 18 tot 21 Januarie 2021 plaasgevind. Dit was die eerste keer dat hierdie kongres in Afrika aangebied is en dit was ook die eerste keer dat dit virtueel plaasgevind het. SADiLaR was die hoofborg van die geleentheid. Ten spyte daarvan dat dit aanlyn plaasgevind het, is 41 aanbiedings gedurende die kongres gelewer, waaronder lang en kort referate, asook 11 plakkate. Die kongres is deur 216 geregistreerde afgevaardigdes uit ses kontinente bygewoon: Afrika, Asië, Australië, Europa, Noord-Amerika en Suid-Amerika.

Kongresreëlings is deur die Universiteit van Suid-Afrika (Sonja Bosch, Marissa Griesel, Lydia Mojapelo), SADiLaR (Juan Steyn, Liané van den Berg) en die Universiteit van Pretoria (Elsabé Taljard) getref. Hierdie groep


persone het die uitdagende taak uitdagende taak gehad om 'n program op te stel wat al die aanbieders in hulle verskeie tydsones akkommodeer, al die pad vanaf Kanada in die weste tot Japan in die ooste



GWC verrigtinge



GWC video's

GWC plakkaat-
aanbiedings

Arabiesse ontologie

Prof. Mustafa
JarrarKLIK HIER OM
ONS TE KONTAK:

Die kongres het afgeskop met 'n verwelkoming deur SADIaR se direkteur, Professor Langa Khumalo. Omdat die kongres virtueel plaasgevind het, is al die aanbiedings vooraf deur die skrywers van die referate opgeneem en op die dag op die Zoom-platform gespeel. Aanbieders moes egter teenwoordig wees tydens hulle aanbiedingsgleuf vir die vraag-en-antwoord-sessie wat op elke referaat gevolg het. Ten spyte van die virtuele formaat wat 'n beperking op persoonlike interaksie en netwerking geplaas het, is daar aktief aan die besprekings deelgeneem. Deelnemers het die verskeidenheid van onderwerpe geniet, waaronder besprekings oor nuttigste woordnette en hulpbronne vir baie spesifieke gebruik, soos die taboewordnet, asook meer grondige besprekings oor sentrale kwessies, soos bygewerkte gestandaardiseerde formate vir woordnette. Die kongres het nie net aanbiedings deur gevestigde gemeenskapslede gelok nie, maar het ook baie nuwe navorsers gelok wat in die onderwerp belangstel, maar wat nie vantevore die kongres in persoon kon bywoon nie. Toegang tot hierdie video's is op die GWC-webtuiste beskikbaar: <https://www.globalwordnet.co.za/p/rogramme/>

Die plakkate wat aangebied is, is ook op die kongres se webwerf gelaai saam met 'n Google-vorm wat afgevaardigdes gebruik het om die skrywers te kontak. Die plakkate het hoofsaaklik op onvoltooide werk gefokus en het 'n wye verskeidenheid woordnette en woordnettoepassings ten toon

gestel. Toegang tot die plakkaataanbiedings is ook beskikbaar: <https://www.globalwordnet.co.za/p/oster-presentation/>

Die hoofrede is deur Mustafa Jarrar, professor van kunsmatige intelligensie aan die Birzeit Universiteit (Palestina), gelewer. Hy het 'n informatiewe praatjie oor taalkundige ontologie en woordnette gelewer. Professor Jarrar het gepraat oor die idee van taalkundige ontologie wat terselfdertyd die rol van woordnet en ontologie kan speel. Sy praatjie het ook melding gemaak van wat ons uit die ontologie-ontwikkelingsliteratuur kan leer ten einde woordnette met meer ontologies en formeel "skoner" inhoud te bou. Die tweede deel van sy praatjie het oor die Arabiese ontologie gehandel, 'n Arabiese woordnet wat met formele en ontologiese ontleding in gedagte gebou is. Die ontologie word met behulp van 'n soortgelyke struktuur as woordnette voorgestel, en is op die Princeton-woordnet gebaseer, die WikiData-kennisgrafiek, en bevat etlike Arabiese-veeltalige leksikons. Die ontologie word aan die Birzeit Universiteit in Palestina gebou en is beskikbaar by: <https://ontology.birzeit.edu/concept/293198>

Die reëlingskomitee het baie geleer uit die proses om 'n aanlyn kongres suksesvol aan te bied en alle uitdagings is deur nuwe tegnologieë oorkom. Volgens Professor Christiane Fellbaum, stigterslid van die Global WordNet Vereniging, was dit 'n groot sukses.



KLIEK HIER OM OP
ONS NUUSBRIEF
IN TE TEKEN



SADiLaR Nuusbriëf

KLIEK HIER OM
ONS TE KONTAK:



“Ek kan eerlikwaar sê dat dit nog die bes bestuurde GWC ooit was, ten spyte van die nuwe formaat. Daar was geen haakplekke nie, lewendige deelname en ek dink almal was gelukkig.”

Die toekoms bied dalk meer speelruimte vir kongresse om beide virtueel en in persoon plaas te vind sodat meer afgevaardigdes ontvang kan word, maar ook sodat ou vriende en kollegas mekaar hopelik weer in lewende lywe kan sien. Ons sien uit na die moontlikheid om eendag ons beeldskone land met die afgevaardigdes van ’n toekomstige GWC in persoon te deel.

Konferensievoorsitters, asook die medestigters en medepresidente van die Global WordNet Vereniging:
Prof. Christiane Fellbaum, Princeton Universiteit, VSA, en Prof. Piek Vossen, Vrije Universiteit Amsterdam, Nederland



**Global
WordNet
Association**

DIE TIENDE WÊRELDKONGRES VIR AFRIKATAALWETENSKAP (WOCAL 10)

Aangebied deur Leiden Universiteit
7-12 Junie 2021

Volgens Robert Herbert, medepresident van die kongreskomitee van die eerste WOCAL, is WOCAL deur twee hoofstimuli in die lewe geroep.

Hy beskryf die eerste stimulus as die stryd om Afrika-onafhanklikheid en die tweede stimulus as Suid-Afrika se bevryding van die apartheidstelsel

vroeg in die 1990's. In hierdie stadium was Suid-Afrika gretig om weer na dekades se isolasie met die globale akademiese wêreld te integreer.



**HIERDIE IS 'N
KONGRES WAT JY
NIE MOET
MISLOOP NIE.**



Registreeer vir
WOCAL10

KLIEK HIER OM
ONS TE KONTAK:



Dit is uiters belangrik vir die toekoms van WOCAL om beide aspekte in gedagte te hou ten einde die gees van WOCAL as die enigste ware internasionale en panteoretiese Kongres vir Afrika-taalwetenskap met 'n streng klem op die deelname van Afrika-vakkundiges te behou.

- Robert Herbert

WOCAL10 belooft om 'n boeiende en gedagteprikkende kongres te wees met insigte en idees van navorsers oor die hele wêreld.

Lede van die SADiLaR-span sien veral uit na die kongres omdat dit die enigste ware internasionale en panteoretiese kongres op die gebied van Afrikataalwetenskap is en 'n streng klem op die deelname van Afrika-vakkundiges plaas.

Daar is ook die prewerkswinkel genaamd Tegnologieë vir Beter Dokumentasie van Afrika-Tale (TEDAL) om na uit te sien. Die TEDAL-prewerkswinkel vind 'n week voor die WOCAL-kongres plaas (31 Mei-4 Junie) en word aangebied deur:

- Professor Felix Ameka: Leiden Universiteit
- Dr. Sara Petrollino: Leiden Universiteit
- Dr. Emmanuel Ngué Um: Universiteit van Yaounde
- Daan Van Esch: Google
- Mmasibidi Setaka: SADiLaR

Gedurende hierdie werkswinkel gaan Juan Steyn en Mmasibidi Setaka van SADiLaR huidige navorsing en instrumente wat deur SADiLaR vir Suid-Afrikaanse tale ontwikkel is, ten toon stel. Onderwerpe soos kunsmatige-intelligensietegnologieë, Afrikatale

en taaldokumentasie sal ook gedurende die werkswinkel bespreek word.

SADiLaR sal ook 'n stalletjie by die WOCAL-kongres op 9 Junie van 16:00-18:00 hê. Besoek ons gerus by die stalletjie, toon u ondersteuning en geniet drie aanvaarde referate deur die volgende SADiLaR-lede: Professor Langa Khumalo, Tunde Ope-Davies, Rooweither Mabuya en Andiswa Bukula. Die volgende onderwerpe sal bespreek word, met tyd vir vrae en antwoorde:

- 'n Inleiding tot SADiLaR
- Paneelbespreking: Waarom benodig ons navorsingsinfrastruktuur vir Afrikatale?
- Tegnologieë vir beter dokumentasie van Afrikatale: nuwe geleenthede